oortreding nie. "(Romeine 4v15, Sien ook 1 Johannes3v4)
17. Die Nuwe Testament verbied nêrens dat werk nie op dié dag gedoen kon word nie.
18. Geen straf was voorsien vir die skending van die Sondag nie.
19. Geen seën was belowe vir die onderhouding van Sondag nie.
20. Geen regulasies is gegee oor hoe dit onderhou moes word nie. Sou dit so gewees het, as die Here wou hê dat ons dit moes onderhou?
21. Dit is nooit die Christen sabbat genoem nie.
22. Eintlik word dit nooit 'n "sabbat" dag genoem nie.
23. Dit word nooit "die Here se dag" genoem nie.
24. Dit word nooit 'n "dag van rus" genoem nie.
25. Geen heilige titel word ooit daaraan gegee nie. So hoekom sou ons dit heilig noem?
26. Dit word eenvoudig die "eerste dag van die week" genoem.
27. Jesus het nooit daarna verwys nie. Die Skrif getuig dat Hy nooit eens die naam op Sy lippe geneem het nie.
28. Die woord Sondag verskyn nie eens in die Bybel nie.
29. Nie God, of Jesus, of enige geïnspireerde persoon het al ooit een woord ten gunste van Sondag uitgespreek nie.
30. Die eerste dag van die week word net agt keer genoem in die Nuwe Testament. (Matteus 28v1; Markus 16v2,9; Lukas 24v1; Johannes 20v1,19; Handelinge 20v7; 1 Korintiërs 16v2)
31. Ses van hierdie verse verwys na dieselfde eerste dag van die week.
32. Paulus het die heiliges vermaan om op daardie dag hulle sekulêre besigheid af te handel. (1 Korintiërs 16v2)
33. In die hele Nuwe Testament is slegs een godsdienstige vergadering gehou op die eerste dag van die week (Sondag) en selfs dit was in die aand. (Handelinge 20v5-12)
34. Daar is geen aanduiding dat enige ander vergaderings, voor dit of na dit op hierdie dag gehou is nie.
35. Dit was nie gebruiklik om op hierdie dag vergaderings te hou nie.
36. Daar was geen vereiste of rede om brood te breek op daardie dag nie.
37. Daar is net een voorval waar dit gedoen is. (Handelinge 20v7)
38. Selfs dit was gedoen in die aand – na middernag. (vers 7-11) Jesus het die pasga (heilige nagmaal) op Donderdag aand gevier (Lukas 22), en die dissipels het soms elke dag van huis tot huis brood gebreek. (Handelinge 2v42-46)
39. Nêrens in die Bybel word daar gesê dat die eerste dag van die week gevier moet word as die dag van Christus se opstanding nie. Hierdie is die tradisies van die mens, wat die wet van God weerspreek. (Matteus 15v1-9) Die doop herdenk die dood, begrafnis en opstanding van Jesus. (Romeine 6v3-5)
40. Eindelik, die Nuwe Testament is geheel en al stil met betrekking tot 'n verandering van die sabbatdag of die heiligheid van die eerste dag van die week.

Hier is een honderd duidelike Bybel feite wat bewys dat die sewende dag die sabbat van die Here is, beide in die Ou en Nuwe Testamente.


Vir meer inligting oor hierdie, of ander belangrike bybel onderwerpe kontak asseblief:

(International) -
**info@present-truth.net**
**www.present-truth.net**
**www.1god1body.org**

Southern Africa -
**www.missionservicesafrica.co.za**
**www.pioneermissionsafrica.co.za**
**Tel: (+27) (0)79 470 3941 / (0)79 586 2787**


PMAT 002A

# Een Honderd Bybel Feite oor die **Sabbat**

## Sestig Bybel Feite oor die Sewende dag.

**Hoekom sou 'n mens die sabbatdag onderhou? Wat is die doel van die sabbat? Wie het dit ingestel? Wanneer is dit ingestel en deur wie? Baie mense onderhou die eerste dag van die week, of Sondag. Is daar Bybelse outoriteit hiervoor? Andere onderhou die sewende dag, of Saterdag. Watter Bybel tekste ondersteun dit? Hier is die feite oor al twee dae, soos duidelik uiteengesit in die Woord van God:**

1. Na die eerste ses dae se arbeid met die skepping van die aarde, het die grote God gerus op die sewende dag. (Genesis 2v1-3)
2. Omrede God gerus het op dié dag, het Hy dit geseën en geheilig, en dit Sy sabbatdag genoem. Sabbat beteken rus. Om te illustreer: Wanneer 'n persoon op 'n sekere dag gebore word, word daardie dag sy verjaarsdag. Net so, toe God gerus het op die sewende dag, het daardie dag Sy rusdag, of sabbat, geword.
3. Derhalwe moet die sewende dag altyd God se sabbatdag wees. Kan mens jou verjaarsdag verander van die dag waarop jy gebore is na 'n ander dag, waarop jy nie gebore is nie? Nee. Net so kan ons nie God se rusdag verander na 'n ander dag waarop Hy nie gerus het nie. Sodoende is die sewende dag nog steeds God se sabbatdag.
4. Die Skepper het die sewende dag geseën. (Genesis2v3)
5. Hy het dié dag geheilig. (Eksodus 20v11)
6. Hy het dié dag die sabbat gemaak in die tuin van Eden. (Genesis 2v1-3)
7. Dit is gemaak voor die sondeval, sodoende is dit nie 'n tipe nie, omrede tipes net ingestel was ná die sondeval.
8. Jesus het gesê dat dié dag vir die mens gemaak is (Markus 2v27), vir die mensdom. Die woord mens hier is onbeperk; dus vir die heidene sowel as die Jode.
9. Dit is 'n herdenking aan die skepping. (Eksodus 20v11) Elke keer as ons rus op die sewende dag, soos God gerus het by die skepping, herdenk ons dié groot gebeurtenis.
10. Die dag is aan Adam gegee, die hoof van die mensdom. (Markus 2v27; Genesis 2v1-3)
11. Dus deur Adam, as ons verteenwoordiger, is dit aan alle nasies gegee. (Handelinge 17v26)
12. Dit is nie 'n Joodse instelling nie. 2300 jaar voordat daar 'n Joodse nasie bestaan het, is dit ingestel.
13. Die Bybel noem dit nooit die Joodse sabbat nie, maar altyd "die sabbat van die Here." Ons moet versigtig wees hoe ons God se heilige rusdag stigmatiseer.
14. Duidelike verwysing word gemaak na die sabbat en die sewende dag dwarsdeur die patriargale tyd. (Genesis 2v1-3; 8v10,12; 29v27,28 ens.)
15. Dit was deel van God se wet voor berg Sinai. (Eksodus 16v5,27-30)
16. God het dit in die middel van die morele wet geplaas. (Eksodus20v1-17) Hoekom het Hy dit daar geplaas as dit nie net soos al die ander nege voorskrifte was nie, waaroor almal getuig dat hulle onveranderlik is?
17. Die sewende dag sabbat is beveel deur die stem van die lewende God. (Deuteronómium 4v12,13)
18. God het die gebooie geskryf met Sy eie vinger (Eksodus 31v18)
19. Hy het hulle gegraveer in blywende klip, wat aandui dat hulle van onverganklike aard is. (Deuteronómium 5v22)
20. Dit was bewaar in die ark in die Heiligste van die Heilige plekke in die tempel. (Eksodus 40v20,21;
1 Konings 8v9; Openbaring 11v19)

21. God het werk op die sabbat verbied, ongeag seisoene en tye. (Eksodus 34v21)
22. God het die Israeliete in die woestyn gewaarsku dat Hy Sy grimmigheid oor hulle sou uitstort om hulle te vernietig, omdat hulle die sabbat ontheilig het. (Eségiël 20v12,13)
23. Die sabbat is die teken van die ware God, dit is hoe ons kan onderskei tussen Hom en valse gode. (Eségiël 20v20)
24. God het belowe dat Jerusalem verewig sou staan as die Jode die sabbatdag sou heilig. (Jeremia 17v24,25)
25. Die Here het hulle in Babiloniese ballingskap gestuur omrede hulle die sabbat ontheilig het. (Nehemia 13v18)
26. Die Here het Jerusalem met vuur verteer omdat hulle die sabbat geskend het. (Jeremia 17v27)
27. God het 'n spesiale seën belowe aan al die heidene wat dié dag sou onderhou. (Jesaja 56v6,7)
28. Hierdie is in die profesieë wat spesifiek verwys na die Christelike bedeling. (Sien Jesaja 56)
29. God het belowe om almal te seën wie die sabbat onderhou. (Jesaja 56v2)
30. Die Here vereis dat ons dié dag "eerbaar" noem. "(Jesaja 58v13) Pasop vir diegene wat plesier daarin vind om dit die "ou Joodse sabbat,"of "juk van slawerny" te noem, ens.
31. Nadat die heilige sabbat ondervoet vertrap is deur "baie geslagte" sal dit herstel word in die laaste dae. (Jesaja 58v12,13)
32. Al die heilige profete het die sewende dag sabbat onderhou.
33. Toe die Seun van God gekom het, het Hy die sewende dag Sy hele lewe lank onderhou. (Lukas 4v16; Johannes 15v10) Dus het Hy Sy Vader se voorbeeld gevolg by die skepping. Sal ons dan nou nie veilig wees om beide die Vader en die Seun se voorbeeld te volg nie?
34. Die sewende dag is die Here se dag. (Sien Openbaring 1v10; Markus 2v28; Jesaja 58v13; Eksodus 20v10)
35. Jesus was die Here van die sabbat (Markus 2v28), om dit lief te hê en om dit te beskerm, net soos die man die heer is van die vrou, om haar lief te hê en om haar te koester.
36. Hy het die sabbat verdedig as 'n instansie ontwerp vir die mens se onthalwe.(Markus 2v23-28)
37. In plaas van om die sabbat af te skaf, het Hy noukeurig geleer hoe dit eintlik onderhou moes word. (Matteus 12v1-13)
38. Hy het Sy dissipels geleer dat hulle niks op die sabbat dag moes doen behalwe dit wat wettig was nie. (Matteus 12v12)
39. Hy het Sy apostels opdrag gegee dat dié as sabbat heilig beskou moes word veertig jaar na Sy opstanding. (Matteus 24v20)
40. Die vroom vroue wie saam met Jesus was, het die sewende dag onderhou na Sy dood. (Lukas 23v56)
41. Dertig jaar na Christus se opstanding, noem die Heilige Gees dit die "sabbatdag"(Handelinge 13v14)
42. Paulus, die apostel na die heidene, noem dit die "sabbatdag" in 45 n.c. Het Paulus nie geweet nie? Of sal ons die moderne onderwysers glo, wat sê dat dit nie meer die sabbatdag was na Christus se opstanding nie?
43. Lukas, die geïnspireerde Christelike historikus, toe hy geskryf het in 62 n.c., noem dit die "sabbatdag." (Handelinge 13v44)
44. Die heidense bekeerlinge het dit die "sabbat" genoem. (Handelinge 13v42)
45. In die groot Christelike Raad van 49 n.c., in die teenwoordigheid van die apostels en duisende dissipels, noem Jakobus dit die "sabbatdag." (Handelinge 15v21)
46. Dit was die gewoonte om gebeds vergaderings te hou op daardie dag. (Handelinge 16v13)
47. Paulus het drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte (Handelinge 17v2,3)
48. Dit was sy gewoonte om op hierdie dag te preek. (Handelinge 17v2,3)
49. Die boek van Handelinge alleen getuig dat daar op hierdie dag vier-en-tagtig vergaderings gehou is. (Sien Handelinge 13v14,44; 16v13; 17v2; 18v4,11)
50. Daar was nooit enige geskil tussen die Christene en die Jode oor die sabbat nie. Dit is bewys dat die Christene en die Jode op dieselfde dag aanbid het.
51. In al die aantuigings teen Paulus, was daar nooit enige beskuldiging dat hy die sabbat verontagsaam het nie. Hoe so, as hy dit nie onderhou het nie?
52. Paulus het uitdruklik verklaar dat hy die wet onderhou het. "Ek het niks teen die wet van die Jode of teen die tempel of teen die keiser gesondig nie." (Handelinge 25v8) Hoe kon hierdie stelling waar wees as hy nie die sabbat onderhou het nie?
53. Die sabbat word nege-en-vyftig keer genoem in die Nuwe Testament, en altyd met respek, met dieselfde titel as wat dit in die Ou Testament gehad het – "die sabbatdag".
54. Nie een woord word in die Nuwe Testament gesê dat die sabbat afgeskaf of verander is nie, of iets soortgelyks nie.
55. God het nooit toestemming gegee dat enige mens op hierdie dag sal werk nie. U, liewe leser, deur wie se outoriteit gebruik u dié dag, as 'n algemene werksdag?
56. Geen Christene in die Nuwe Testament , nie voor die opstanding of na die opstanding, het ooit op die sabbatdag algemene werk gedoen nie. Hoekom sal ons nou anders wees as hierdie Christene?
57. Daar is geen geval waar God ooit Sy seën of heiligmaking van die sewende dag verwyder het nie.
58. Die sabbatdag is onderhou in die tuin van Eden voor die sondeval; net so sal dit vir ewig onderhou word in die nuwe aarde na die herskepping van alles. (Jesaja 66v22,23)
59. Die sewende dag sabbat was 'n belangrike deel van die wet van God, omrede dit uit Sy eie mond gespreek is en omrede dit met Sy eie vinger op klip geskryf is by berg Sinai. (Sien Eksodus 20) Toe Jesus met Sy werk begin het, het Hy uitdruklik verklaar dat Hy nie gekom het om die wet te vernietig nie. "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul." (Matteus 5v17)
60. Jesus het die Fariseërs sterk vermaan omrede hulle die gebooie van God tot niet gemaak het deur hulle tradisies.(Mattheus 15v6) Sondag onderhouding is ook net 'n tradisie van die mens.

## Veertig Bybel Feite wat betrekking het op die Eerste Dag van die Week

1. Die eerste wat aangeteken word in die Bybel is werk wat gedoen word op Sondag, die eerste dag van die week. (Genesis 1v1-5) Hierdie werk is gedoen deur die Skepper Self. As die Here die wêreld geskape het op Sondag, kan dit verkeerd wees dat ons op 'n Sondag werk?
2. God het beveel dat mense moet werk op die eerste dag van die week. (Eksodus 20v8-11) Is dit verkeerd om God te gehoorsaam?
3. Nie een van die patriarge het ooit die Sondag onderhou nie.
4. Nie een van die heilige profete het die Sondag onderhou nie.
5. Volgens uitdruklike opdrag van God, het Sy heilige mense die eerste dag van die week gebruik as 'n algemene werksdag vir ten minste 4000 jaar.
6. God self noem dit 'n werksdag. (Eségiël 46v1)
7. God het nie op dié dag gerus nie.
8. God het nie dié dag geseën nie.
9. Christus het nie op dié dag gerus nie.
10. Jesus was 'n timmerman (Markus 6v3), en het in Sy ambag gewerk tot Hy omtrent dertig jaar oud was. Hy het die sabbat onderhou en die ander ses dae van die week gewerk. Dus het Jesus op baie Sondae gewerk.
11. Die apostels het ook gedurende hierdie tyd op die Sondae gewerk.
12. Die apostels het nooit op Sondae gerus nie.
13. Christus het nooit die Sondag geseën nie.
14. Sondag is nooit deur enige goddelike outoriteit geseën nie.
15. Dit is nooit geheilig nie.
16. Geen wet was uitgereik om die sabbat af te dwing nie, dus was daar geen oortreding om op dié dag te werk nie. "Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen